# NG SKUILKRANS INLIGTINGSTUK RAKENDE DIE POPI-WET

## (Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting – Wet nr. 4 van 2013

Geagte Lidmaat

Toe u lidmaat geword het van **NG Skuilkrans**, het u aan ons u eie en minderjarige kinders se persoonlike inligting verskaf deur ons Nuwe-lidmaatvorm te voltooi. Dit stel ons in staat om:

- ‘n lidmaatregister by te hou
- met u te kommunikeer
- die gemeente te laat funksioneer

**U regte**

U het die reg om die kerkkantoor te kontak om:

- insae te kry in die inligting wat ons oor u byhou,
- korreksies te versoek as u inligting verander het,
- om te versoek dat u inligting uitgewis word – **dit word nie aanbeveel nie, want die implikasie is dat u naam van alle lidmaatrekords af verwyder word,**
- om te versoek dat u inligting selektief **nie** gebruik word **nie**, byvoorbeeld:
    - dat u en u kinders nie in Skuilkransnuus op verjaarsdae gelukgewens word nie,
    - dat u en u kinders nie op Skuilkransnuus se gebedslys verskyn nie,
    - dat u nie e-pos of SMS’e of ander boodskappe van NG Skuilkrans ontvang nie,
    - dat u inligting nie aan kleingroep- of ander leiers verskaf moet word nie.
- om nie herkenbare beeldmateriaal van u te plaas sonder u toestemming nie.

**U verantwoordelikheid**

Om gemeentewerksaamhede te laat vlot, is verskeie *Broadcast*- en *Whatsapp*-groepe gestig. Deelname daaraan is vrywillig. By ‘n *Broadcast*-groep het net die administrateur van die groep u nommer, maar by ‘n *Whatsapp*-groep, kan al die lede u nommer sien. As u dit nie so wil hê nie kan u uself van ‘n groep verwyder.

**Ons pligte**

- Ons het die plig om al u inligting veilig te bewaar.
- Om geen onnodige inligting oor u te versamel of te hou nie.
- Om u besonderhede slegs vir gemeente-aktiwiteite te gebruik.
- Om u inligting nie aan derde partye bekend te maak nie.

Ons gemeente se POPI-inligtingsbeampte is ds. Willem Boshoff.

Navrae oor bostaande kan aan hom gerig word by boshows@mweb.co.za

As u inligting verander het of as u wil versoek dat u inligting selektief nie gebruik word nie, stuur asseblief ‘n e-pos aan lidmaat@skuilkrans.co.za.